## LEESSTUK 1

### MO, DIE GLIMLAGMAGNEET, HET DIEP IN SUID-AFRIKA SE HART GEKRUIP

1 'n Mens kan nie help om breed te glimlag as Mo, Suid-Afrika se gunsteling-meerkat, op die kassie verskyn en vol energie begin riel nie.

2 Dié briekdanskoning en Vodacom-ikoon, wat nou weer flink sy passies in die TV-flits "Danskoning" uithaal, én die nuwe "leeuloop"-flits met sanger Robbie Wessels met sy rugby- en sokkerbal, gaan binnekort ook weer vir Vodacom te sien wees.

3 Millward Brown Impact moes 'n gewildheidspeiling van advertensies doen en volgens hulle was die geliefde meerkat se tweede TV-vertoning in "Meerkat – the Way you Move" verlede jaar die algehele gunsteling-advertensie in die ontluikende mark en op twee na die gewildste in die ontwikkelde mark.

4 By die meer onlangse 2006 Khuza-toekennings ('n program waarin navorsing gedoen word en die Suid-Afrikaanse jeug vir hul gunsteling-advertensies en bemarkingsveldtogte stem), is dit ook as die wenveldtog aangewys, terwyl dié dapper meerkat ook in Tony Koenderman se 2006 AdReview met die louere weggestap het.

5 Volgens Brett Morris is Mo die reaksie op 'n uitdaging verlede jaar aan die agentskap deur Vodacom. "Vodacom het ons spesifiek die opdrag gegee om jong, aktiewe Suid-Afrikaanse pretsoekers te teiken."

6 "Selfoongebruikers tussen 15 en 34 jaar is 'n groep mense wat 'n hoë lewenstyl handhaaf. Jonk van gees en hart, is hulle altyd op soek na vermaak, met pret en plesier bo-aan hul voorkeurlys. Wat selfoongebruik betref, wil hulle graag met die jongste foefies en neigings gesien word, en hul selfone moet pas by hulle lewenstyl," verduidelik Morris.

7 "Om tot dié jeugmark deur te breek, moes ons ook heeltemal uit die kassie dink en 'n splinternuwe karakter skep. Hoewel ons karakter 'n animasieformaat het, is hy nie die gewone, lieflike animasie-karakter nie – die Vodafone live!-meerkat het 'n houding wat vir niks skrik nie! "

8 Mo het hom deur en deur bewys as 'n baie suksesvolle handelsnaam en ikoon in die jeugmark. Sy sjarme het hom ook gewild gemaak onder ander groepe mense en is daar nou groter kompetisie en populariteit onder verbruikers.


9 "Mo word in die nuutste advertensies steeds gebruik om alle Suid-Afrikaners te vermaak – soos net Vodacom kan," beklemtoon Morris. Dit gaan nie net oor 'n boodskap van 'n spesifieke produk nie.

10 Morris sê die gewildheid en toekennings bewys dat die agentskap se werk wyd erken word en omdat dit so kreatief is, lewer dit baie goeie resultate.

[*Beeld,* September 2006]

IEB Copyright © 2007

## LEESSTUK 2



**DIE BURGER**
**Wes-Kaap se weergids**

23 Desember
Suid-Afrikaanse Weerdiens
Telefoonnommer: 082162
Web-adres: www.weathersa.co.za

**25° Kaapstad:** Gedeeltelik bewolk en warm.

**UV:** Hoë sonbrandgevaar

**Vandag se weervoorspeller:** Carlton Fillis van die Kaapstadse weerkantoor



Sonnig · Deels bewolk · Bewolk · Donderbuie · Sneeu · Veldbrand-gevaar · Ryp in oggend · Voormiddag · Namiddag
Reën met son · Reën · Mis · Motreën · Kanse 60%+ · Kanse 40%- · Word · Swartryp · Voor sonop · Ná sononder

**Gevaar**
- Stormsee
- Stormweer
- Brandgevaar
- UV-sonstrale

**Wes-Kaap: 3 dae**

| Dorp | So | Ma | Di | Wind môre |
|---|---|---|---|---|
| Springbok | 16°/32° | 12°/29° | 16°/32° | SW20 |
| Calvinia | 12°/33° | 10°/31° | 12°/33° | SW20 |
| Vredendal | 13°/31° | 16°/28° | 13°/32° | SW20 |
| Malmesbury | 13°/30° | 15°/29° | 12°/32° | SW20 |
| Paarl | 16°/30° | 16°/29° | 18°/32° | W20 |
| Kaapstad | 17°/26° | 16°/24° | 17°/28° | W25 |
| Hermanus | 16°/24° | 17°/24° | 16°/24° | W25 |
| Grabouw | 13°/26° | 14°/26° | 13°/27° | W20 |
| Riversdal | 13°/29° | 16°/29° | 16°/28° | SW20 |
| George | 13°/24° | 16°/25° | 16°/23° | SW20 |
| Worcester | 14°/31° | 15°/30° | 14°/30° | NW20 |
| Beaufort-Wes | 17°/35° | 20°/35° | 16°/33° | NW20 |
| Oudtshoorn | 16°/33° | 18°/34° | 16°/34° | W15 |

**Deinings:**



**Prognostiese kaart vir Saterdag:**



**Reisigersgids:**

| | | |
|---|---|---|
| Bloemfontein | 14°/31° | NW15 |
| Kimberley | 13°/33° | W15 |
| Upington | 18°/37° | W15 |
| Port Elizabeth | 16°/23° | SO25 |
| Durban | 20°/27° | O20 |
| Pretoria | 18°/28° | W15 |
| Johannesburg | 16°/27° | W15 |
| Polokwane | 19°/32° | W5 |
| Nelspruit | 20°/33° | O15 |
| Windhoek | Geen | data |
| Walvisbaai | Geen | data |

**Getye in Tafelbaai:**

Hoogwater: Vandag 05:00 en 17:10; Môre 05:45 en 17:57
Laagwater: Vandag 11:06 en 23:23; Môre 11:55 en –:–

**Reënvalsyfers:**

Reënval vir die 24 uur tot 8 vm. gister:
Geen reënval hoër as 1 mm is aangemeld nie.

**Son en Maan:**

19 Jan · 3 Jan · 27 Des · 11 Jan

Sonsopkoms: Vandag 05:32 Môre 05:32
Maansopkoms: Vandag 08:07 Môre 09:17
Sonsondergang: Vandag 19:57 Môre 19:57
Maansondergang: Vandag 22:38 Môre 23:12

[*Die Burger*, 23 Desember 2006]


30 Desember

# DIE BURGER
## Wes-Kaap se weergids

Suid-Afrikaanse Weerdiens
Telefoonnommer: 082162
Web-adres: www.weathersa.co.za

**Stormsterk westewinde met ruwe seetoestande word vandag tussen Kaappunt en Oos-Londen verwag.**

**Vandag se weervoorspeller:** Keith Moir van die Kaapstadse weerkantoor





Sonnig · Deels bewolk · Bewolk · Donderbuie · Sneeu · Veldbrand-gevaar · Ryp in oggend · Voormiddag · Namiddag
Reën met son · Reën · Mis · Motreën · Kanse 60%+ · Kanse 40%- · Wind · Swartryp · Voor sonop · Ná sononder

**Gevaar**
- Stormsee
- Stormweer
- Brandgevaar
- UV-sonstrale

## Wes-Kaap: 3 dae

| Dorp | So | Ma | Di | Wind môre |
|---|---|---|---|---|
| Springbok | 06°/20° | 11°/28° | 16°/30° | S25 |
| Calvinia | 04°/21° | 04°/26° | 11°/30° | S25 |
| Vredendal | 11°/25° | 11°/31° | 14°/33° | S30 |
| Malmesbury | 10°/22° | 10°/26° | 11°/31° | S25 |
| Paarl | 11°/21° | 16°/25° | 16°/30° | S25 |
| Kaapstad | 14°/20° | 16°/23° | 17°/26° | S30 |
| Hermanus | 13°/19° | 13°/21° | 15°/22° | S30 |
| Grabouw | 11°/20° | 08°/21° | 11°/24° | SW30 |
| Riversdal | 12°/20° | 12°/22° | 14°/27° | SW30 |
| George | 13°/19° | 12°/20° | 13°/23° | SW35 |
| Worcester | 09°/21° | 08°/24° | 14°/31° | SW35 |
| Beaufort-Wes | 07°/21° | 05°/23° | 07°/28° | SW20 |
| Oudtshoorn | 09°/20° | 08°/23° | 08°/29° | SW20 |

## Prognostiese kaart vir Saterdag:




## Getye in Tafelbaai:

**Hoogwater:** Vandag 11:48 en --:-- Môre 00:39 en 12:50

**Laagwater:** Vandag 05:34 en 18:28 Môre 06:43 en 19:24

## Reisigersgids:


| | | |
|---|---|---|
| Bloemfontein | 12°/28° | SW15 |
| Kimberley | 15°/28° | SW25 |
| Upington | 16°/28° | SW30 |
| Port Elizabeth | 15°/22° | SW50 |
| Durban | 22°/27° | S25 |
| Pretoria | 19°/28° | NW20 |
| Johannesburg | 16°/27° | NW25 |
| Polokwane | 18°/29° | NW15 |
| Nelspruit | 18°/29° | NW15 |
| Windhoek | 12°/27° | SW20 |
| Walvisbaai | 13°/20° | SW25 |

## Reënvalsyfers:

Reënval vir die 24 uur tot 8 vm. gister:

Molteno 16 mm
Kaapstad 8 mm
Struisbaai 7 mm
Paarl 6 mm
Strand 9 mm
Hermanus 7 mm
Langebaanweg 6 mm
Kaap Agulhas 5 mm

## Deinings:




## Son en Maan:

19 Jan · 3 Jan · 26 Jan · 11 Jan

**Sonsopkoms:** Vandag 05:36 Môre 05:37

**Maansopkoms:** Vandag 16:07 Môre 17:18


**Sonsondergang:** Vandag 19:59 Môre 19:59

**Maansondergang:** Vandag 01:42 Môre 02:21

[*Die Burger*, 30 Desember 2006]

**LEESSTUK 3**

<www.vodacomdirect.co.za>




[*Huisgenoot*, 2006]

## LEESSTUK 4

### SOTLIKE SONDES VAN SEWE SOORTE SIMPEL SNOBS…

*Snobisme kom in baie vorme voor. Voor jy iemand dus daarvan beskuldig, steek gerus eers hand in eie boesem.* - Tienie Holtzhausen

1. **Geldsnob**

   Vir dié snob is dit lewensbelangrik om in ander se oë ryk te lyk. Geld is vir baie van hulle ook nog 'n nuutjie, daarom is dit belangrik om gedurig daaroor te praat. Hulle verwys graag na hulle BMW's, duur viertrekke en hul groot Mercedes Benze. Dié mense is lief om te groot juwele en te veel op 'n slag te dra.

2. **Die lyfsnob**

   Vir dié vroue (min van hulle is mans) is vet die grootste vloekwoord wat daar bestaan. Sy boer by die gim en oefen in die nuutste ontwerpersdrag. Sy's ook altyd te sien in 'n mini-rok wat haar kort bene beklemtoon.

3. **Die IK snob**

   Hulle weet presies wat hul IK is en verkondig dit graag. As jy iemand aan hulle voorstel, wil hulle eerste weet wat sy kwalifikasies of beroep is. As jy nie geleerd of vol titels is nie, gesels hulle nie eintlik verder nie.

4. **Die natuursnob**

   Vir die ware natuurmens is hulle 'n irriterende pyn. Om hulle te vermy, is nogal moeilik, want dis vir hulle vrééslik belangrik dat almal hul nuwe duur toerusting móét sien. Hulle weet altyd alles: Presies hoeveel weeg 'n rietbokrammetjie en watter geluid 'n vleikonyn maak.

5. **Die kossnob**

   Vir dié kosghoeroe moet jy tog nie sjerrie saam met oesters aanbied nie. As hulle die dag kosmaak, is dit nie gewone gemarineerde hoender nie, maar 'n perfekte Coq au Vin. En waar jou ouma se souttert jou gesin se gunsteling is, maak hulle net quiches.

6. **Die wêreldreisigersnob**

   As hierdie mense op 'n partytjie beland, soek hulle gou 'n paar gewillige ore en dan gons dit van: "Toe ek in Maart in Madagaskar was …". Hulle huise is ook vol prominente aandenkings van al die plekke waar hulle al was.

7. **Die kindersnob**

   Dié snob-tendens floreer onder ma's wat dit geniet om by hule vriendinne met hul kinders te spog. Of boetie of sussie nou wil of nie, hulle word eindeloos ingestop sodat mammie ook status in die buurt kan hê. Van hul rekenaars en musieksentrums tot hul rygoed en peperduur selfone.

[*Beeld*, Februarie 2007]

## LEESSTUK 5

## VOORBEREIDE GEDIG

**(Versreise)**

**Lied van die fietsers - Antjie Krog**

vyf fietsers
vyf bolanders
van Salisbury na Malmesbury
            Riebeeckkasteel
die geritsel van fietswiele
en die stralende son op grandpa vests
vreemd soos sigeuners met 'n swartlandse bry
met skewe mamre-pette
met rugsakke wat klou soos ape
        deur Lupani
        deur Jafuta
                Lundi
        oor Matetsi

die vyfde een
die bruin een
die dromende een     verstrik in die wolke
het lank na die ander hier aangekom
met mooi voete en blou jeans
met konakwaberge al langs sy rug af
met baaie in sy hande
        Bamboesbaai
        Doringbaai
        Jacobsbaai
met pampano's in sy swart oë
en 'n roeispaan in sy lag

die bruin een
die mooi een
het ek liefgekry in 'n paar uur
het ek verloor    ook in 'n paar uur
sy skaduwee oor sy peugotfiets en dunlopbande
oor die meganisme     delikaat soos 'n web     soos 'n alarm om juwele
sy skaduwee ontbind in die verte
en ek verloor hom

                        nog steeds …

## LEESSTUK 6

## VOORBEREIDE GEDIG

## (Versreise)

### Die Straatkind - Linda Roos

ek wou verbymik met die selfbewuste ongeërgde blik
wat ons vir bedelaars en pendelaars en hoere reserveer –

verby die kind wat eenkant om die vullisdromme snuif
wat sy skraal skouers gereed dra soos spiese
of 'n heining:  maar agter dié heining
het sy vuil hemp skielik opgekrimp soos 'n ou roof
en 'n toegepleisterde wêreld
op die sypaadjie laat bloei
waar bome onder die skril bevel van sae steun
konyne spartel in steriele laboratoriums
en lammers teen die slagterslem

en daar was wysheid in die lug
(nes dié ander dag uit wolke)
maar soos van ou mans met klam monde op parkbankies
en kras soos kraaie

toe ek wegdraai was daar 'n geruis in my ore
en onverklaarbaar teen my wang die bloedveeg
van 'n vlerk

## LEESSTUK 7


## ONVOORBEREIDE GEDIG

### Oorkant die spoorlyn - Johan van Wyk

Oorkant die spoorlyn
in 'n uithoekie van die hawe:
die lêplekkie van die boemelaars,
besittings in plastieksakke en vaal komberse.
Die vlakwater is hulle bad.
By die seiljagte op droë grond
skop hulle nes.
Hulle het die beste
sonsondergange en sonsopkomste.
Die leier met sy vaal rooi trui, wit hemp
wat oor sy jeans uithang,
ongekamde wilde blonde hare
strompel met lang bene
na sy meisie:
verdeling van sigarette
lê met sy kop op haar skoot
        en ek kyk by die woonstelruit uit
Oor die tafereel,
'n moffie met 'n sigaret in die mond word deur 'n hond aan
'n riem
vorentoe getrek.
         Ek kyk.
Tussen my en die waarheid
vleg die motors dromend
gereguleer
en hang die kokosneute in die hoë palms.
Tussen my en myself
'n baba wat al uitreikend begin loop,
'n vrou met haar seer toegedraai in kaftans en tjalies,
'n Sondag-middagmaal wat wag
en oorkant die spoorlyn
in 'n uithoekie van die hawe
het 'n boemelaar en sy meisie
vir hulle 'n lewe afgekamp.

**LEESSTUK 8**


**SPOTPRENT**




[*Beeld*, 2006]

## LEESSTUK 9

## 'VREESAANJAENDE' TRAGEDIE IN VLIEGTUIG




**'Vreesaanjaende' tragedie in vliegtuig**

[*Beeld*, Februarie 2007]

## LEESSTUK 10

## SPOTPRENT




[*Beeld*, September 2006]

## LEESSTUK 11

**Tienervriendelik - Christina Landman**

1. In elke kompleks is daar so iemand. Iemand wat nie 'n geluid van die bure wil hoor nie. **Dit voorspel moeilikheid.** Want elke kompleks het sy sarsie tieners. En tieners is gesellige geluidmense. Hulle trek graag in swerms saam. En dan moet daar musiek wees.

2. Ek dink deesdae baie oor tieners en hul musiek. En ek wil tog nie wees soos die tannie van wie ek gehoor het nie. Sy loop in die kompleks rond asof 'n slopemmer vol smarte oor haar kop uitgestort is – en dit omdat die bure se seun 'n kitaar het. Nee, ek wil nie so word nie. **Ek wil hê tieners moet van my hou.**

3. Maar voor jy 'n tiener kan verstaan, het ek al uitgevind, moet jy eers verstaan waarom hulle jou nie kan verstaan nie. **Tieners kan nie verstaan waarom grootmense so baie van stilte hou nie.**

4. Tieners kan ook nie **verstaan** hoe Newton swaartekrag kon **ontdek** het – maar nooit aan CD's en DVD's gedink het nie. **Watse geld kan jy nou uit swaartekrag maak?**


5. **Eintlik dink ek tieners voel diep seergemaak omdat ons nie hul musiek verstaan nie.**

6. Al wat tieners nog hoop vir die lewe gee, is dat hulle so slim gebore is. Binne net een geslag het die mensdom van dom **(dis nou ons)** tot slim beweeg. Ons grootmense is so dom dat ons dink 'n liedjie moet woorde hê.

[Verwerk uit: *Rooi Rose*, April 2007]

## LEESSTUK 12

## SPOTPRENT




[*Beeld*]